kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Wie wou/wil jy hê moet Jesus wees?"

Skriflesing: Markus 8:27-38

Broodjies vir die pad

A key trait of the genius of Mark's narrative is his abrupt changes and sharp contrasts. In today's appointed excerpt, the followers of Jesus must be feeling more confident in this man for whom they gave up their daily obligations and followed for this short time. (And perhaps they are also quite pleased to be associated as intimates with someone who has been popularly received and who has so deftly handled his critics.) In this mood, Jesus asks his disciples for reports on what people are saying about him. They give him the flattering comparisons to some of God's great heroes of faith from the past. But now he asks about their own personal decision. Peter makes the declaration for the whole group: we have reached the decision that "You are the Messiah." Jesus then describes the future, which will include his public humiliation, execution, and being raised from the dead on the third day. Peter wants Jesus to downplay such discouraging talk. Jesus flashes his impatience, "Get behind me Satan!" He then tells them that they, too, will face conflits of their own if they continue to follow him.

Ricoeur writes, "...[W]hat progressively happens in the Gospel is the recognition of Jesus as being the Christ. We can say in this regard that the Gospel is not a simple account of the life, teaching, work, death and resurrection of Jesus, but the communicating of an act of confession, a communication by means of which the reader in turn is rendered capable of performing the same recognition that occurs inside the text." (Figuring the Sacred, p. 162)

Once one has heard the whole story-- the four various gospel accounts of what he said and did, what was said and done to him and the ways he responded-- it is clear that Jesus presents a unique perspective on life, including what is worth dying for, what is worth living for, how one should invest whatever time one has between the birth date and the death date in his obituary. This perspective is a continuation and expansion of the Torah and even the Hebrew wisdom books which, in their own way, grasp the reality that God's ways are not our ways, that God's ways promise to lead to a life lived to the fullest and most rewarding while our ways are finally just "folly." The reaction to Jesus, which he described to the dismay of his followers, is not entirely new either. Isaiah knew the cost, including violence, against anyone who raises an alternative to just-going-along-to-get-along.

Jesus expands all this by not only teaching, but also embodying God's ways with perfect pitch. And when the predictable resistance and rejection come, he accepts it with authentic consistency with all he has said and done to this point-- with love.

The disciples must have squirmed that day when Jesus put them on the spot: Enough about what others have said about me, what do you say? But Mark's narrative leads us to believe that for all their bungling and lack of understanding and even their flat out failures, those disciples eked out enough faithfulness to become reliable witnesses-- some even with their own lives-- so that we could have the same opportunities to know and decide who this Jesus and all that he embodies really is and whether following him is worth it or not. As Ricoeur writes, the purpose of these texts is to induce the same response in us. We have all the information we need to reach a decision.

In the current issue of the Anglican Theological Review, (Summer 2009), in a reappraisal of James Cone's important work in "black theology," Bryan P. Cumming writes, "...[I]t has led him [Cone] to an appraisal of revelation as dual-directional, that is, as revelatory knowledge not only of God but also of humankind. In agreement with Rudolf Bultmann, Cone claims that 'revelation is self-knowledge, a knowledge in which human beings make a decision about their own existence in the world'." (p.405)

When Jesus asks, Who do you say I am?, the repsonse one comes up with defines her or him self at the same time.

http://sacraconversazione.blogspot.co.za/2009/08/proper-19-year-b.html

Brood vir die pad

Die grense wat die oorlog getrek het

Theresa Edlmann

Die nalatenskap van apartheid in Suid-Afrika kan net verstaan word deur sin van die kompleksiteite van die verlede te maak. Dit sluit in om erkenning te gee aan dít wat diegene ervaar het wat in die apartheidsera jonk was en vandag die ringkoppe en leiers van ons gemeenskap is.

In die sowat 30 jaar tussen die Sharpeville-slagting en die demokratiese verkiesing in 1994 wat ’n einde aan apartheid gebring het, het ’n generasie Suider-Afrikaners voor uitdagende en dikwels botsende keuses oor ideologiese lojaliteite te staan gekom.

Vir jong wit seuns het die einde van hul skoolloopbaan gepaardgegaan met ’n keuse wat betref hul “oproep” deur die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW). Hierdie stelsel van militêre diensplig is in 1957 deur die apartheidsregering ingestel en het van 1968 af verpligtend geword.

Militêre diensplig was van sleutelbelang in die apartheidstaat se “totale reaksie” op wat vertolk is as ’n “totale aanslag” deur die waargenome bedreigings van kommunisme en swart

nasionalisme. Die staat het probeer om die wit gemeenskap se steun vir hierdie veldtog te bekom deur hom te beroep op ’n tradisie wat oor generasies heen gestrek het – mans wat militêre diens doen om hul land, waardes en gesinne te beskerm.

Die einde van apartheid het beteken dit was die laaste generasie wit Suid-Afrikaanse en Suidwes-Afrikaanse (nou Namibiese) gesinne wat hul jong mans in sulke groot getalle oorlog toe gestuur het.

Die dinamika van die hedendaagse Suid-Afrika verskil aansienlik en maak dit moeilik om die omvang van die druk te verstaan wat hierdie jong mans tuis, in talle kerke en in die grootste deel van die maatskaplike en die politieke domein ervaar het. Die wit Suid-Afrikaanse gemeenskap was polities konserwatief en het baie tyd, geld en moeite aan die beskerming van sy belange bestee. Demokratiese begrippe soos vryheid van keuse was feitlik ongehoord. Plig en diens is vooropgestel.

Nog selde is in die openbaar erkenning verleen aan die impak wat die dienspligstelsel gehad het op sowat 600 000 wit mans, of 7,1% van die nagenoeg 4,2 miljoen wit mense in 1992 in Suid-Afrika, wat sowel pionne as agente van die apartheidstaat geword het.

Plig en gewete

Diegene wat die oproep aanvaar het, het strawwe militêre opleiding ondergaan, gevolg deur ontplooiing in Suid-Afrika, Namibië of Angola vir die res van hul dienstydperk. Daarna het etlike jare van jaarlikse korttermyn-“kampe” gevolg. In die 25 jaar waarin diensplig van krag was, het die omvang toegeneem van 9 maande tot ’n totaal van 720 dae, kampe ingesluit.

Gewapende stryd het selde voorgekom tot 1975, toe die SAW Angola binnegeval het nadat die Portugese koloniale regering daar ineengestort het. Dit het 14 jaar ingelui van wat as die “Grensoorlog” bekend geword het en bestaan het uit intensiewe militêre en guerrilla-oorlogvoering in die noorde van Namibië en die suide van Angola.

Daar was ernstige gevolge vir diegene wat nie gehoor aan die oproepinstruksies gegee het nie. Hul keuses? ’n Krygsverhoor en tot ses jaar in die tronk, bannelingskap in ’n ander land of om in Suid-Afrika weg te kruip.

Universiteitstudie kon tot die uitstel van diensplig lei, en sommige mans het hierdie moontlikheid so lank moontlik uitgebuit.

Diensweiering weens gewetensbeswaar (op grond van godsdienstige eerder as moreel-etiese of politieke oortuigings) het teen die middel van die tagtigerjare ’n wettige opsie geword. Dit het min of meer saamgeval met die tyd toe die End Conscription Campaign begin is. Die ECC het openbare veldtogte ter ondersteuning van gewetensbeswaardes begin en ’n beroep om die beëindiging van militêre diensplig gedoen.

Die oorlog kom huis toe

Die wit Suid-Afrikaanse gemeenskap was in feitlik algehele onkunde oor die omvang van die oorlog en die SAW se strategieë. Die meeste dienspligtiges het min oor hul ervarings gepraat – gedeeltelik omdat hulle by hul aansluiting die Wet op Amptelike Geheime moes onderteken. Dit was ook die gevolg van die “selfopgelegde onkunde” van die meeste wit Suid-Afrikaners, asook die destydse drakoniese sensuurwette.

In die middel van die tagtigerjare het weerstand teen apartheid binne Suid-Afrika toegeneem en is SAW-soldate in die binneland ontplooi. Skielik is jong wit mans opdrag gegee om hul medeburgers te polisieer deur die rasgedefinieerde grense tussen gesegregeerde groepe te patrolleer. Die “Grensoorlog” het huis toe gekom.

Die onvolhoubaarheid van die moreel en ekonomies bankrot apartheidstelsel het al hoe duideliker geword, selfs vir apartheidsleiers wat in hierdie tyd gesprekke met die toe nog verbode ANC geïnisieer het.

Die gevolge was wydlopend. Die oorlog in Namibië en Angola het in 1989 met die onttrekking van die SAW uit Namibië geëindig. Namibië het ’n jaar later onafhanklik geword. Die ANC en ander organisasies is gewettig, politieke gevangenes is vrygelaat, en die onderhandelings wat tot die verkiesing in 1994 sou lei, het begin.

1994: ’n Nuwe era

Diensplig én die SAW is amptelik in 1995 afgeskaf.

’n Nuwe, geïntegreerde weermag is tot stand gebring – en by die meeste mense het diensplig na die sfeer van stilte en die geheue gemigreer. Hul tyd in die weermag het egter nie vir die dienspligtiges vervaag nie. Van hulle het die moontlikhede van nuwe vryhede omarm, terwyl ander geveg het om historiese identiteite in ’n veranderde konteks te behou en te vier.

Daar was sommige pogings deur die openbare en burgerlike gemeenskap om erkenning te verleen aan die kompleksiteite van dienspligtiges se ervarings.

Hulle was naamlik slagoffers van ’n stelsel, maar het tegelyk dade in die naam van daardie stelsel gepleeg.

Die Waarheids-en-versoeningskommissie het ’n spesiale verhoor oor diensplig gehou. Al hoe meer boeke oor diensplig en deur dienspligtiges word gepubliseer. En etlike groepe, soos veterane, sommige nieregeringsorganisasies en die Legacy of Apartheid Wars Project aan die Rhodes-universiteit het werk oor die kwessie gedoen. Dit neem meestal die vorm aan van navorsing, openbare diskoerse en werksessies oor verwonding en trauma vir dienspligtiges én anti-apartheidstryders. Maar vir die meeste dienspligtiges bly die omslagtige laers wat hul sosiale posisionering gevorm het, bestaan.

Die meeste van die trauma wat hulle beleef het, bly onuitgesproke of kry uiting in aggressie, veral by interaksie met mense, groepe of situasies wat hulle op ’n manier as ’n bedreiging ervaar.

Namate die meer komplekse dimensies van ons apartheidsgeskiedenis na vore kom, moet die helende en transformerende moontlikhede van stories oor diensplig wat in die openbare domein opduik, nie onderskat word nie.

Dit is ’n betekenisvolle manier om sin uit die diep rasverdeeldheid van ons gemeenskap te maak.

■ *Hierdie artikel is oorspronklik deur The Conversation (www.theconversation.com) gepubliseer.*

■ *Dr. Edlmann is ’n postdoktorale genoot in geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika.*

http://www.netwerk24.com/stemme/aktueel/2015-09-09-die-grense-wat-die-oorlog-getrek-het

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877